**Skriflesing:** 2 Kor 1:3-11
**Tema:** Bly hoop op moed verloor se vlakte.

As daar ooit ‘n gelowige was wat swaarkry geken het, dan was dit Paulus. Net in die paar verse wat ons gelees het praat hy van moeilikheid, oorvloed van lyding ter wille van of net soos Christus en beproewing wat hy ervaar het. Hy was in doodsgevaar, so mishandel dat hy nie meer kon uithou nie.
Ons lees verder van sy swaarkry in 2 Kor 1:8-9a: “[8]Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. [9]Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is.”

Hyself vertel in 2 Kor 11:23-32 breedvoerig van sy swaarkry. Natuurlik het nie al die dinge in Klein-Asië gebeur nie: “[23]Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.
[26]Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. [27]Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. [28]Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. [29]As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan.
[30]As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede. [31]Die God en Vader van die Here Jesus weet dat ek nie lieg nie. Aan Hom kom die lof toe tot in ewigheid!
[32]Toe ek in Damaskus was, het die verteenwoordiger van koning Aretas die stad laat bewaak om my te vang. [33]Maar deur 'n venster in die muur is ek in 'n mandjie laat afsak en het ek aan sy hande ontkom.

Paulus hulle kry so swaar dat hulle die hoop om te lewe laat vaar het.
Die meeste van ons kry nie só swaar soos Paulus nie, maar ons kry swaar. Daar is verskeie redes waarom ons hoop verloor.

Hoe hanteer ons swaarkry?
Ons leer by Paulus om **eerlik daaroor te praat.**

En Paulus dank ook vir God. God stuur nie beterskap kaartjies uit die hemel nie, Hy is **by ons in ons swaarkry.**
Ons moeilikhede en swaarkry is God se skool om ons te leer om nader aan Hom en nader aan mekaar te leef.

**1. Swaarkry gebeur sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God.**
(Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe. 2 Korintiërs 1:9b)

As God dooies kan opwek, hoeveel meer sal Hy nie ook vir ons wat aan Hom behoort, uit gevare en dood verlos nie.

Paulus getuig dat hy dikwels swaargekry het omdat hy in Christus glo, maar dat Hy hom nog elke keer daardeur gehelp. Dit is die Here wat hom uit groot doodsgevaar red en vorentoe weer sal red.

Hy is die Vader wat ons oorstroom met sy goedheid en troos. Dit is God wat ons in elke omstandigheid bemoedig en vertroos. Die Griekse woord vir bemoedig en vertroos is: "paraklesis"

Jesus praat oor sy hemelvaart en dan sê hy in Joh 14:16 (2020 vertaling): "En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee sodat Hy wil ewig by julle kan wees."
Ons hoor duidelik die ooreenkoms tussen die Griekse "paraklesis" en die Heilige Gees as Parakleet. In dieselfde 2020 vertaling word die Griekse woord Parakleet verklaar as iemand wat geroep is om bystand te verleen - 'n voorspraak, pleitbesorger, 'n trooster, 'n helper.
Ons vier vanoggend Pinksterfees. In ons swaarkry is die Heilige Gees by ons, langs ons en in ons. Hy loop saam met ons en help ons ons swaar dra.

Ons is nietige mensies wat ook soms die hoop om te lewe verloor. Uit onsself is ons tot niks instaat nie. Daarom vertrou ons op die Here.
Op Hom is ons hoop gevestig. God, die Vader, Seun en Heilige Gees se redding hou nooit op nie. Daarvan verseker Hy ons opnuut deur die nagmaal.

Maar swaarkry bring ons nie net nader aan God nie, dit bring ons ook nader aan mekaar.

**2. God bemoedig ons om ander te bemoedig.**
Wanneer ons in beproewing kom en God ons bemoedig, kan ons weer ander bemoedig sodat hulle dapper en met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur.
Ons lees hiervan in 2 Kor 1:4: "In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,"

Ons lees hier van die aflosstokkie van bemoediging en hoop. Deur swaarkry in jou eie lewe, rus God jou toe om ander se swaarkry beter te verstaan en dan beter te help.
Wanneer byvoorbeeld 'n geliefde van jou oorlede is of jy is depressief of ken iemand wat daarmee worstel, het jy meer empatie met mense wat deur dieselfde swaar gaan en kan jy sulke mense beter ondersteun.

**3. Swaarkry bring ook mense op hul kniee in gebed.**
Wanneer ons vir mekaar bid, is ons deel van God se bemoedigings span van hoop.

Paulus skryf aan die gemeente dat hulle gebede vir Paulus hulle dra. Dit bring die seën van God oor hulle, Sy bemoediging en hoop en redding uit nood.
En God se redding van Paulus hulle sal raakgesien word en maak dat Hy verheerlik word en baie mense Homsal dank.

Ons almal beland soms op moedverloor se vlakte, ons kry swaar en verloor hoop.
Daarin en daardeur is die Here met ons oppad.
Ons moet ons opnuut ons geloofsvertroue in Hom plaas, ons hoop op Hom vestig.
In ons swaar bemoedig Hy ons, sodat ons ander kan bemoedig.
En op ons knieë in gebed vir mekaar, maak Hy vir ons deel van sy span van hoop.
Amen